

**6 Januarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 32:22-32**

**Fokusgedeelte: Genesis 32:30**

### **Beproewing is ontmoeting**

Jakob se stoeigeveg met hierdie man was tot die dood toe. Dit was nie 'n stoeigeveg soos ons dit vandag ken nie. Jakob moes 'n baie sterk man gewees het (Gen 29:8-10), en tog veg hy deur die nag vir sy lewe en kry dit nie reg om te wen nie. Dit blyk dat die man nie vir Jakob kon doodmaak nie, en uiteindelik beëindig hy die stoeigeveg deur Jakob se heup uit pootjie te slaan. Dit moes geweldige krag wees wat 'n man se heup uit pootjie slaan. Hierdie woord vir slaan kan ook beteken om aan te raak.

Ons het hier met 'n besondere besoeker te make. Jakob weet dit onmiddellik en weier om die besoeker te laat gaan voordat hy nie vir Jakob geseën het nie. Dan ontvang hy 'n groter seën as waarop hy ooit kon reken. Sy naam word verander van Bedrieër na Israel. Juis voordat hy sy broer moet ontmoet vir wie hy so bedrieg het. Jakob het geweet wie hierdie besoeker is, want hy noem die plek Pniël (aangesig). Hy het vir God van aangesig tot aangesig gesien en nie gesterf nie. Hierdie Man kan dus niemand anders wees as Jesus Christus nie. In die Ou Testament word Hy die Engel van die verbond of die Engel van die HERE genoem. Dis nie dat Hy nie vir Jakob kon doodmaak nie – Hy wou nie. Hierdie ontmoeting met Christus laat vir Jakob mank aan die heup, maar met die wonderlike seën van 'n nuwe naam en 'n nuwe dag wat aanbreek.

God wil ons nie dood in ons beproewinge nie, al voel dit soms so. Christus het ons straf reeds gedra. Daarom beproef Hy ons soms tot die uiterste toe, maar die seën wat ons daarin ontvang, is ver bo dit wat ons kan bid of dink. In Christus is God altyd met ons en tog ontmoet Hy ons op 'n besondere manier as ons swaarkry – nie tot die dood toe nie, maar tot die lewe. Hoe troosryk is die gedagte dan: Jakob was mank aan sy heup, maar die son het vir hom opgegaan net toe hy by Pniël verby was!

Selfs al laat beproewing soms letsels, sal die son van God se genade weer opgaan in my lewe.

Sing: Psalm 71:1, 2 (1936)

Ds RA Bain (Cachet)